

ST. IRMINA

24 DESEMBER

(sterf 708)



Hierdie prinses was die dogter van koning Dagobert III, heerser oor die Franke. Op 15-jarige ouderdom is sy in die huwelik gegee aan graaf Herman, 'n ryk onderdaan van haar vader. Hy sterf egter op hul troudag en die hartseer jong prinses oortuig haar vader om vir haar 'n nonneklooster by Oehren, naby Trier (in moderne Duitsland) te bou. Sy draai haar rug op wêreldse geluk en tree self in by hierdie klooster waar sy die res van haar lewe sou deurbring. Sy word later abdis van die klooster en help die sendeling monnike om die Christelike geloof deur haar vader se ryk uit te brei.